

Hy het homself gekul

('n Gedeelte van die oorspronklike storie¹ vir gebruik saam met Sleutel No. 9 in die Sleutels vir Lewe reeks)

Ek wil vir julle 'n wonderlike storie vertel van 'n jong man wat sy lewe op die verkeerde manier begin het. Hy het niks daarvan gehou om te werk nie, en die bietjie geld wat hy so hier en daar verdien het, het hy gewoonlik op 'n verkeerde manier spandeer.

Sy jong vrou tjie Marie, het baie swaar gekry. In haar ongetrouded dae het sy huis gehou vir ryk mense, en toe hulle sien dat sy nou skaars kos en klere het, het hulle haar weer teruggeneem in hulle diens. Intussen het hulle altyd vir homo ok werk gegee, maar gewoonlik het hy sy pligte probeer ontduik en die werk somer slordig en halfhartig gedoen.

Op 'n sekere dag roep die baas hom en sê: "Kom saam in my motor, ek wil vir jou 'n werk gee wat jy vir my moet doen in my afwesigheid. Mevrou en ek gaan vir 'n lang vakansie oorsee, en ek wil hê jy moet vir my 'n nuwe huis bou!"

Hulle ry 'n entjie van die baas se huis af weg, en hou toe stil op 'n plek van die plaas wat baie aantreklik en mooi geleë was. "Kyk Jan," sê die baas, terwyl hy 'n groot blou papier uit sy sak haal, "Hier is die plan van die huis. Sien jy hierdie duisende pragtige duur geel sierstene, die pragtige planke vir die vloere, asook hierdie mooi staalvensters en die goeie deure? Wel, dit is alles vir die huis. Ek wil dit graag op die beste manier gebou hê. Dit moet 'n modelhuis wees. Sal jy dit vir my bou, terwyl ek weg is? Ek sal jou goed betaal vir jou werk."

"Sekerlik," sê Jan, "u weet mos ek kan goed bou. U is so goed vir Marie en vir my, ek sal ook my bes vir u doen." In Jan se hart egter het hy 'n ander besluit geneem. Net toe die baas weg is, sê hy vir homself: "As die ou kêrel darem nog nooit vir homself gekul het nie, dan is dit nou. Ek sal al hierdie duur boumateriaal gaan verkoop vir baie geld. Dan sal ek die ou tweedehandse vendusies besoek en ek sal somer ou tweedehandse deure en vensters en ou vloerplanke koop vir die huis. As ek dit bo-oor gevef het, sal hy nie weet dat ek die goeies verkoop het nie. Vir hierdie duur stene sal ek 'n klomp geld kry en dan sal ek somer ou goedkoop rou stene koop en dit bo-oor pleister en die baas sal dit nie gou agterkom nie. Dan sal ek baie geld oor hê vir drank en ander dinge."

¹ De Ferrières, JC (tant Sannie). 1974. *Kom ons vertel Stories*. Evangelie Uitgewers: Johannesburg.

As die baas dan terugkom en my betaal vir my werk, sal ek dadelik wegloop en dan kan hy maar sien hoe hy met sy ou flenterhuis klaarkom." Jan het presies gedoen wat hy besluit het en vir 'n paar maande het hy 'n baie lekker tyd gehad.

Smôrens slap hy tot elfuur, dan stap hy so sleepvoets aan en begin bietjie werk. Elke aand bly hy tot laat uit, of Marie nou huil of mooipraat – aan hom maak dit geen verandering nie.

Soms as hy besig is om die sagte, slegte ou stene so opmekaar te plak, dan lag hy te lekker en sê vir homself: "Wel, wel, die ou stene kan nie die reën staan nie. Hulle sal sommer pap word en inmekaar sak, en een nag as die ou kêrel nog so lekker slap, sal die hele ou spulletjie sommer so op hom inmekaar sak!" "Ka-ka-ka" lag hy as hy so sukkel om die ou windskeef vensters in te sit, "glo my, dit sal 'n grap wees as daar een nag 'n sterk stormwind opkom! Hierdie laaste ou venster sal uitwaai, maar ek sal dan sorg dat ek ver op 'n ander dorp is en hy sal my tog nooit in die hande kry nie!"

Ten laaste was die huis klaar en Jan het alles geverf en oorgepleister. Hy wag nou net vir die baas om te kom en vir hom dan te betaal.

Op 'n dag arriveer die baas en 'n rukkie later roep hy vir Jan.

Hulle gaan ry dadelik na die nuwe huis toe. Jan voel 'n bietjie ongemaklik, maar gesels baie vriendelik sodat die baas niks moet agterkom nie. Die baas hou reg voor die huis stil, bekijk dit goed en haal 'n groot netjies opgevoude wit papier uit sy baadjiesak. Hy vou dit stadig oop en terwyl hy Jan in die oë kyk, sê hy: "Jan, Marie werk nou al baie jare vir ons en Mevrou en ek wil graag vir julle 'n baie goeie geskenk gee. Dit is julle huis hierdie, hier is die kaart en transport daarvoor. Dis julle eiendom solank as julle lewe!"

Jan voel skielik sy bene word lam en hy word vreeslik naar op sy maag.

"Dankie Meneer" prewel hy met droë lippe, maar in sy hart sê hy vir homself: "O, wat 'n dwaas was ek tog! As ek net geweet het ek sal vir die res van my lewe die eienaar van die huis wees sou ek dit met die pragtige boumateriaal gebou het! Ag! Wat het my tog makeer? Ek het gedink die baas sou in gevaar wees as daar 'n storm opkom en al die tyd is dit nou ek wat nooit 'n rustige nag sal hê nie! Ag, hoe graag sou ek 'n huis wou hê met mooi sierstene soos ander mense. Maar ek is bevrees ek het myself bedrieg, ek is self my grootste vyand!"